# menlo-insig

4/2023


Die Hoërskool Menlopark · Excelsa Petamus · 60 · 1963 | 2023

Daar word gesê dat ons nie die aarde by ons voorgeslagte erf nie, maar dat ons die aarde by ons kinders leen. Dieselfde beginsel geld vir die Menlo-bodem: Die Parkies se eie stukkie grond wat deur ons voorgangers opgepas is sodat ons dit kan geniet en nou rus daardie verantwoordelikheid – om die Menlo-bodem te bewaar en te versorg – op ons skouers.


Die welstand van die omgewing is 'n weerkaatsing van ons gesindheid teenoor die skeppingsopdrag wat ons in Genesis ontvang en dit is soms, te midde van 'n vinnige tempo, nodig om die pas te markeer om ons ingesteldheid teenoor die omgewing te evalueer. Kyk jy na die natuur is die mens se spoor van verwoesting duidelik en lyk dit soms of ons van die skeppingsopdrag vergeet het.

Menlo is al vir jare 'n tuiste vir leerders wat die hoogste nastreef, 'n plek waar drome gekoester word – 'n omgee-omgewing wat vanjaar op ses dekades van getroue diens aan duisende Parkies terugkyk. Na sestig jaar is dit tyd dat die Menlo-bodem asem skep, want dit is nou ons beurt om die skoolterrein te versorg.

Die Parkies het hierdie visie sonder aarseling ter harte geneem en leef die essensie van hulle omgeetaak met ywer en respek uit.

Elkeen is tot omgeediens opgeroep.

Wat 'n voorreg om 'n belegging in die toekoms van eendag se Parkies te maak.



# DAGBOEK

**9/2**
Akademie: Gasvryheidstudies (Gr. 10, 14:30)
Van Huyssteens Oratorsfees: Werkswinkel (Ouditorium, 14:15 – 15:00)
Tennis: o. 15-seunstoernooi (Paarl)
Swem: Ligagala & Spanete (Saal, 18:30 – 20:00)

**10/2**
Akademie: Menlo-skryfklub (A1, 13:30 – 16:00)
Atletiek: Nelspruit – vertrek 13:30 (weg)

**11/2**
Parkieraad: Kamp (Zwartkloof)
Perdesport: SANESA-liga 1
Krieket: Centurion (Eerstespan tuis, o. 15's weg)

**13/2**
Swem: A-liga interhoër (Hillcrest)

**14/2**
**Parkiedag!**
Swem: B-liga interhoër

**15/2**
Atletiek: Helpmekaar Goueliga Prestigebyeenkoms (UJ)
Swem: C-liga interhoër (Hillcrest)
Tennis: GN-liga (Senior dogters)







# AKADEMIE





## Labor omnia vincit

Die Romeine was 'n invloedryke nasie wat 'n ingrypende invloed op die geskiedenis gehad het. Nie net het ons by hulle geleer hoe om pizza te maak nie, maar die Romeine was ook die eerstes wat die dae van die jaar op 'n kalender neergepen het. Die mantra dat harde werk alles vermag – labor omnia vincit – is ook van Romeinse oorsprong. Hierdie woorde was die tema van die akademiese toekenningsaande wat verlede week plaasgevind het en waartydens leerders wat verlede jaar in graad 8 tot 11 was erkenning vir hulle akademiese prestasies ontvang het.

Die verhoog is in 'n ouwêreldse toneel omskep en dit was asof die horlosie sy greep op tyd tydelik verslap het, want die ouers en leerders kon vir 'n oomblik asem skep om waardering vir die puik prestasies van 2022 te toon. Die skool bedank graag elke Parkie vir hulle volgehoue harde werk en vir me. Tanya Matthysen vir haar noukeurige reëlings om van albei aande 'n reusesukses te maak. Die Insig lewer graag kortliks verslag oor die hoeveelheid leerders in elke graad wat hulleself verlede jaar op akademiese gebied onderskei het:

| | |
|---|---|
| Graad 8 | 95 leerders behaal 'n gemiddelde punt van 80% en hoër. |
| Graad 9 | 106 leerders behaal 'n gemiddelde punt van 80% en hoër. |
| Graad 10 | 95 leerders behaal 'n gemiddelde punt van 78% en hoër. |
| Graad 11 | 126 leerders behaal 'n gemiddelde punt van 75% en hoër. |


# AKADEMIE

## Topprestasies van 2022 gevier

Baie geluk aan die Parkies wie se name op grond van verlede jaar se punte op die top-20-ranglys verskyn. Die Insig plaas graag die foto's van die top-10-leerders in elke graad. #Menlotrots

### Graad 8

18. Anke Erasmus, Tayla Botha, Enya Pretorius, 17. Luka Smit, 16. Corlise Potgieter, 15. Caitlin Read, 14. Kathleen van Rooyen, 13. Mia de Waal, 12. Karla van Rooyen, 11. Xanté Strauss, 10. Wynand Botha, 8. Inge Higgins & Skye Smit, 7. Nicholas Pretorius, 6. Zantè van der Hoven, 5. Luan Visser, 4. Le Roux van Wyk, 3. Lauren Malan, 2. Clara Serfontein, 1. Erik Senekal (95,22%).



### Graad 9

20. Naidene Bouwer, 19. Micaela Swart, 17. Jasper Smit & Daniela Minnaar, 16. Andries Beyers, 15. Megan Johnson, 14. David Kunzman, 13. Chenay de Jager, 12. Ryan Hill, 10. Elzette Fouche & Gerhard Mahne, 7. Jean-Marie van den Berg, Ininke Human & Wihan Vermeulen, 6. Deané van Zyl, 5. Isabeau van Helsdingen, 4. Wilna Beetge, 3. Telani Janse van Rensburg, 2. Elsjé Groenewald, 1. Melike Spies (94%).



### Graad 10

20. Alwyn Esterhuizen, Danielle Hogg & Marike Louw, 19. Lente van Nieuwenhuizen, 17. Devan Matthee & Genna Cloete, 15. Hayley Booysen & Kayleigh Rippel, 14. Ewald Meyer, 12. Ruben van Biljon & Christiaan Moodie, 11. Monya van Zyl, 9. Rudolph Jordaan & Kristen de Wet, 8. Janine Kirsten, 7. Rolandt Grosskopf, 6. Altus Malan, 5. Mia van Dyk, 4. Viljee Smit, 3. Cari Billman, 2. Daniélle de Wet, 1. Lelize van der Walt (97,29%).



### Graad 11

20. Janko Lubbe, 19. Micaela Maas, 18. Martie van Wyk, 17. Luca du Plessis, 16. Cari Bellingan, 15. Kiara Geldenhuys, 14. Lamari Wagener, 12. Mia van den Heever & Shani Coetzee, 10. Gerard Jordaan & Talita Engelbrecht, 8. Karlien Lambrechts & Erasel Boer, 7. Monique van der Merwe, 6. Reghardt van Biljon, 5. Milandri Schutte, 4. Niencke Bloem, 3. Dannhauser van der Merwe, 2. Mikal Venter, 1. Sheliza de Wet (96,43%).



# AKADEMIE

## Blikslim Parkies kraak kuber met yslike prestasies

Drie en twintig Parkies het aan die einde van 2022 aan die eerste ronde van die Programmeringsolimpiade deelgeneem – 'n toets vir kreatiwiteit, wiskundige en programmeringsvaardighede. So kreatief was die organiseerders met hierdie vraestel dat daar geen vrae oorgebly het nie en daarom het alle leerders van graad 8 tot graad 12 dieselfde vraestel afgelê.

Baie geluk aan elkeen van die 23 Parkies wat hulle kuberkreatiwiteit ingespan het om aan die Olimpiade deel te neem én aan die leerders wat die proses in die uiters strawwe tweede ronde herhaal het. Die volgende sertifikate is toegeken (eerste ronde):

**Brons** (eindig in die top-50% van al die deelnemers)

Gr. 9 (2022): Andries Beyers
Gr. 10 (2022): Peter Bredell, Rico Geerkens en Migael Jansen van Vuuren
Gr. 11 (2022): Rigardt Bosch, Jubert Erwee, Greame Geerkens en Helgard Oosthuysen

**Silwer** (eindig in die top-21% van al die deelnemers)

Gr. 9 (2022): Jasper Smit
Gr. 11 (2022): Gerard Jordaan, Reghardt van Biljon en Botha van Greunen

**Goud** (eindig in die top-7% van al die deelnemers)

Gr. 8 (2022): Erik Senekal
Gr. 12 (2022): Arno Meyer

*Afwesig: Gerard Jordaan*





# MUSIEK

## Menlo-musiek-akademie vir meesterklasse

Albert Mamriev is 'n naam wat respek onder klassiekemusiekkenners inboesem en die einste foendi het verlede week 'n draai op Menlo-bodem gemaak om 'n paar wenke met ons eie Gerhard Mahne te deel. Die Insig se vingertjies sou maar lekker bewe as sulke geleerde oë toekyk, maar Gerhard het sy man gestaan en die raad ter harte geneem. #menlomusiekismyplek

# ATLETIEK

## Top-10-titel behoort aan Menlo

Die Parkies het verlede week skoonskip by die Fitgen Tukkies Top 10 byeenkoms gemaak. Hier volg die uitslae:

### Individuele prestasies


| | | | |
|---|---|---|---|
| Beste junior seun (veldatleet) | Chris Swanepoel | Beste senior dogter (veldatleet) | Alicia Khunou |
| Beste junior dogter (baanatleet) | Megan Nieman | Senior victrix ludorum | Alicia Khunou |


### Algehele wenners

1. Die Hoërskool Menlopark 2. Hoërskool Monument 3. Hoërskool Randburg

Die volgende atlete het hulle items gewen – 'n reuseprestasie teen gedugte teenstanders!

| | |
|---|---|
| Kathleen van Rooyen | o. 15 100 m |
| Annerike Heyneke | o. 14 400 m |
| Danie Botma | o. 14 400 m |
| Colene Scheepers | o. 17 400 m |
| Liné de Villiers | o. 14 800 m & 300 m-hekkies |
| Llewellyn van Heerden | o. 14 800 m |
| Wihan Velloen | o. 15 800 m |
| Bianca Stoltz | o. 14 1 500 m & 3 000 m |
| Megan Nieman | o. 14 90 m-hekkies |
| Werner Bezuidenhout | o. 17 110 m-hekkies |
| Anika de Klerk | o. 19 Verspring & Driesprong |
| Aidan Erasmus | o. 16 Gewigstoot & Diskus |
| Alicia Khunou | o. 17 Gewigstoot & Diskus |
| Joshua Gerber | o. 14 Diskus |
| Chris Swanepoel | o. 15 Diskus |
| Micke J v Vuuren | o. 14 Spiesgooi |
| Leskin Samuels | o. 15 Hoogspring |
| Tiaan Boshoff | o. 15 Paalspring |
| Minette Boshoff | o. 17 Paalspring |







# PERDRY

## O, Parkie! Ons ry die pad tesame...

Vir dekades is dit al so: Net voor die draai van Januarie is daar 'n uittog van Parkie-ruiters na die Menlo-skou en hierdie geleentheid is vanjaar by die Graceland Equestrian Centre aangebied. Dit is hier waar elke perd se beste hoef voorgesit word, die ruiters deur 'n ring getrek kan word en die Parkieraadslede *en masse* opdaag om hulle hulp aan te bied.

Die beamptes en beoordelaars het vanjaar hulle hande vol gehad, want 'n rekordgetal inskrywings is ontvang. Baie geluk aan elke perd en ruiter wat die seisoen op 'n gesellige noot afgeskop het. Die skool bedank graag die organiseerders en borge, asook mee. Doné Moolman en Ilze Smith vir hulle bydraes om van die dag 'n sukses te maak. #my plekismenlo








# KRIEKET

## Menlo behaal driekuns

Die Parkies se statistiek wemel vandeesweek van puik boulontledings en dit is daarom geen wonder nie dat die opponente se kolfwerk teen 'n slakkepas plaasgevind het. Baie geluk aan elke Menlo-speler asook aan die afrigters met knap vertonings.





**Menlopark 1ste XI vs. Rustenburg 1ste XI**
Rustenburg 141 almal uit (Ewald Meyer 4/14, Steve Stolk 4/10)
Menlo 142/5 (Wian van Deventer 50*, Ewald Meyer 46)
Menlo wen met 5 paaltjies.

**Menlopark o. 15 A vs. Rustenburg o. 15 A**
Rustenburg 121 almal uit (Jacques de Villiers 3/24, Murray Hofmeyr 2/15)
Menlo 122/4 (Monré Koekemoer 41*, Jacques de Villiers 26)
Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 4de XI vs. Waterkloof 4de XI**
Menlo 128/3 (Nieuwoudt Slabbert 45, Wiehann Badenhorst 33)
Waterkloof 87 almal uit (Milan Lemmer 4/13)
Menlo wen met 41 lopies.

# MUURBAL

## MMA swaai septer by junior ope




Joseph Myers is 'n Parkie wat weet hoe om sy man op 'n muurbalbaan te staan. Die fikse Parkie het van 3 tot 5 Februarie aan die Junior Muurbal Ope in Johannesburg deelgeneem waar hy en sy opponente in vyf wedstryde slaags geraak het. So briljant was Joseph se spelpeil dat hy die knie slegs een keer moes buig om tweede in sy ouderdomsgroep te eindig. Knap gedaan!

2023 is die jaar waarin die MMA die wêreld se voorste afrigter na die Menlo-bodem wil lok om die spelers touwys te maak. Ondersteun gerus die spelers in hulle strewe na die hoogste.



# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

**SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023**

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET
- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN

















**Au-pair beskikbaar: 083 404 5788**



TAU | SLOW LEATHER CO

TAU | SLOW LEATHER CO







RUIGTEVLEY
GAME FARM

**MARTIN (Jnr) KRUGER**
**Professional Hunter**

+27 (0)78 560 9267

ph@ruigtevley.co.za

www.stayandhunt.co.za

HH Feeds


Calro

ECO FRIENDLY

ORGANIC NEEM OIL PRODUCTS

Active ingredient is Organic NEEM Oil

PRODUCTS AVAILABLE
- Organic NEEM Spray
- Organic NEEM Stable Spray
- Organic NEEM Concentrate
- Organic NEEM Lotion
- Organic NEEM Shampoo & Conditioner

Interesting Facts About Neem Oil:
NEEM OIL is highly effective in the control of roughly 600 different types of insects
NEEM OIL has a shelf life of 3 years
NEEM OIL is organic, natural, non-toxic, bio-degradable and environmental friendly

Tel no: (011) 972 6346/083 763 9168 E-mail: grtraders@worldonline.co.za

To read more about NEEM Oil go to www.eco.calronat.co.za







carfind.co.za®

Riders Saddlery

FOR THE LOVE OF HORSE & RIDER

**Menlo-ruitersport bedank al die ruimhartige borge vir die Menlo-skou.**